



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 30 JANUARIE 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Fortuin, C B (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

McQuire, V D (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

**Beampes:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

'n Woord van verwelkoming word gerig aan die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadsdames, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Januarie verjaar.

Die Speaker versoek 'n minuut van stilte in medelye met die lewensverliese van familie en vriende oor die aflope tyd.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Sneewe en C H Papers.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 31 OKTOBER 2019**

Besluit/...

4.1/...

**BESLUIT**

(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Oktober 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU 14 OKTOBER 2019**

saamgelees met

**NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 OKTOBER 2019**

**5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU 20 NOVEMBER 2019**

saamgelees met

**NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 NOVEMBER 2019**

**5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU 11 DESEMBER 2019**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

**6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 12 NOVEMBER 2019**

**7. SAKE VIR BESPREKING**

**7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)**

Die 2018/2019 Konsep Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge Artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) – MFMA.

Die konsep jaarverslag is apart tot die sakelys aan alle raadslede gesirkuleer.

Die Speaker doen 'n beroep op raadslede om uitvoering te gee aan die konsultasieproses wat voorgestel word en dat insette op skrif insake die evaluering van die konsep jaarverslag aan die Munisipale Bestuurder deurgegee moet word.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2018/2019 finansiële jaar soos voorgelê in terme van Artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

7.1/...

- (b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
- (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
  - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om verhoë daaromtrent te rig;
  - (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die raadsvergadering op 31 Maart 2020 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
  - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (c) Dat die MPAC in terme van Artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die Raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
  - twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;
- (d) Dat die twee verteenwoordigers van wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die raadsvergadering op 31 Maart 2020 by te woon;
- (e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksvertenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 31 Maart 2020.

## **7.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER TOT DESEMBER 2019 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die MFMA.

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 2 soos op 31 Desember 2019 is met die sakelys gesirkuleer.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur raadsheer R F van der Westhuizen)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2019 tot 31 Desember 2019.

## **7.3 HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)**

Artikel 72(1) van die MFMA bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester moet vervolgens ingevolge Artikel 54(f) van die MFMA jaarliks teen 31 Januarie die evalueringsverslag aan die munisipale raad voorlê.

Die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasieverslag is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009).

Besluit/...

7.3/...

**BESLUIT**

(op voorstel van raadsdame M S I Goliath, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2019/2020 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

#### 7.4 **GOEDKEURING VAN DIE HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING VAN DIE 2019/2020 – 2021/2022 MEERJARIGE BEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)**

Die Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal- en Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Januarie 2020 oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge Artikel 28 van die MFMA nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys na item 7.3 hierbo.

Nadat daar verskeie navrae, onder andere insake die wheely bin-projek, van rdl D B Philander deur die Direkteur: Finansiële Dienste en Munisipale Bestuurder opgeklaar is, bring die Speaker die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, vyf ANC- raadslede en een EFF-raadslid wat buite stemming bly.

**BESLUIT**

(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het nadat hulle die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure oorweeg het;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen om die gedeeltelike finansiering van R50 000 000 vir die Moorreesburg en Darling WWTW-werke te finansier uit die Raad se CRR en nie 'n eksterne lening op te neem nie, gegewe die Munisipaliteit se verbeterde finansiële posisie, maar meer om die mandjie van basiese goedere en dienste binne bekostigbare perke te hou;
- (c) Dat die Raad se kontant posisie oor die volgende jaar gemonitor en herevalueer word, sou die finansiering samestelling ten opsigte van die twee bogenoemde projekte heroorweeg moet word ten einde finansiële volhoubaarheid op die langer termyn te verseker;
- (d) Dat die Raad kennis neem van die wysigings wat verband hou met Artikel 19 as gevolg van die finansieringsbronne van die *Sewerage Works Project: Moorreesburg* en *Roads Swartland: Resealing of Roads* wat verander (**Annexure A-3: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19**);
- (e) Dat goedkeuring verleen word om die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2019-2020 – 2021-2022 finansiële jare as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2019/20	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2019/20	Oorspronklike Begroting 2020/21	Gewysigde Begroting 2020/21	Oorspronklike Begroting 2021/22	Gewysigde Begroting 2021/22
Kapitaalbegroting	143 857 572	140 815 524	166 329 719	196 414 520	123 808 556	142 810 340
Bedryfsuitgawes	749 828 067	757 190 607	776 694 611	771 606 541	842 761 932	838 044 568
Bedryfsinkomste	830 826 697	855 620 406	889 124 743	889 124 743	922 400 717	922 400 717
Begrote (Surplus)/ Tekort	(80 998 630)	(98 429 799)	(112 430 132)	(117 518 202)	(79 638 786)	(84 356 149)
<b>Minus: Kapitaal Toekennings &amp; Donasies</b>	67 161 000	80 451 000	71 936 000	71 936 000	40 439 000	40 439 000
(Surplus)/ Tekort	(13 837 630)	(17 978 799)	(40 494 132)	(45 582 202)	(39 199 786)	(43 917 149)

7.4/...

- (f) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar of daarna nie, maar sal lei tot 'n verhoging in die begrote surplus van R13 837 630 na 'n begrote surplus van R17 978 799, met enige moontlike veranderinge aan die riooltarief wat sal deel uitmaak van die nuwe hoofbegroting oorwegings;
- (g) Dat die ongemagtigde bestedings geïllustreer onder 2.5 (a) goedgekeur word as deel van die aansuiweringsbegroting van 2019/2020 in lyn met Artikel 32(2)(a)(i) van die MFMA;
- (h) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die balans van die 25% afslag op eiendomsbelasting wat toegestaan word aan die senior burgers met 'n maandelikse inkomste wat die perk van R12 000 oorskry soos omskryf in die 2018/2019 goedgekeurde Eiendomsbelastingbeleid as gevolg van die onsekerheid wat bestaan het met die voltooiing van die kortingsvorm vir die 2019/2020 boekjaar en dat dit gekrediteer word na die munisipale eiendomsbelastingheffing met die addisionele uitgawe van omtrent R199 500 wat nie wesenlik is vanuit 'n totale uitgawe bekostigbaarheid oogpunt nie;
- (i) Dat die wysigings aan die begroting en verwante beleide soos vervat in **(Annexure C: Budget / Related Policies and System of Delegations)**, goedgekeur word;
- (j) Dat die finale Koste Besnoeiingsbeleid goedgekeur word (met inbegrip van die verdere kommunikasie deur die Nasionale Tesourie), insluitend die Stelsel van Delegasies wat dit ondersteun;
- (k) Dat die Raad kennis neem en die bykomende verduidelikings wat by die Water- en Elektrisiteit-tariefstrukture bygevoeg is goedgekeur vir doeleindes van duidelikheid soos uiteengesit in **(Annexure D: Water and Electricity Tariff Charges)**;
- (l) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningsregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure E: Budget Report and B-Schedules 2019/20 – 2021/22)** sowel as die regstellings aan die 2019/2020 oorspronklike begrotingskedules wat tydens die verifikasieproses geïdentifiseer is;
- (m) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (n) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreenkomstig gewysig word.

## 7.5 ONDERSOEK NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN MFMA (5/15/1/5)

Daar word op 'n kwartaallikse basis aan die Raad verslag gedoen insake enige ondersoeke na ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste uitgawes.

Die verslag tot die sakelys bevat volledige inligting aangaande drie gevalle waar amptelike voertuie in ongelukke beskadig is. In al die gevalle het die bestuurders skuld erken en bygedra tot die bybetalings van die versekeringseise.

### BESLUIT

(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur raadsheer R F van der Westhuizen)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die Rekords van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsel A tot hierdie verslag m.b.t. vrugtelose en verkwiste uitgawe ondersoeke;
- (b) Dat die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aanhangsel A tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word vir die volgende:

7.5/...

- (i) Die afskrywing van R15 000 vir die verskil in wat die amptenare kan bekostig en bereid is om te betaal teenoor die werklike bybetalings aan die versekeringsmaatskappy;
- (ii) Oorweging behoort geskenk te word aan die daarstelling van maatreëls/kriteria om die betaling deur amptenare te verlig met inagneming van vorige ongeluksrekords en verkeersboetes. Amptenare moet egter aanspreeklik gehou word as hulle die Munisipaliteit se bates beskadig om te voorkom dat 'n nie-omgee houding ontstaan.

## **7.6 WYSIGING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)**

Die Voorsieningkanaalbestuursbeleid word op 'n jaarlikse basis hersien ten einde tred te hou met die nuutste wetgewende vereistes en toepaslike regulasies. Die wysigings is aangebring om in lyn te wees met die koste besnoeiingsregulasies.

Die gewysigde beleid is met die sakelys gesirkuleer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, vyf ANC- raadslede en een EFF-raadslid wat buite stemming bly.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Semele, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat goedkeuring verleen word dat die voorgestelde wysigings in Paragraaf 35(5) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid van Swartland Munisipaliteit, soos vervat in Aanhangsel A, met onmiddellik effek aanvaar word.

## **7.7 VORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING (1/1)**

Sedert die inwerkingtreding van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 gedateer 3 Maart 2017), het die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP) 'n aantal wysigings aan die standaardverordening voorgestel.

Die praktiese toepassing van die verordening sedert 2017 het ook tekortkominge uitgewys en is dit intensief hersien in samewerking met die konsultant, Munstel, om die toepaslike wysigings aan te bring.

Na afloop van die voorlegging van die konsep verordening aan die munisipale raad op 25 Julie 2019 is 'n publieke deelnameproses deurloop.

Die kommentaar ontvang vanaf DEA&DP is deeglik oorweeg en – waar toepaslik – ingesluit by die verordening.

Die voorgestelde verordening is met die sakelys gesirkuleer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, vyf ANC- raadslede en een EFF-raadslid wat buite stemming bly.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Semele, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

- (a) Dat kennis geneem word van die kommentaar ontvang van DEA&DP;
- (b) Dat die gewysigde Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning aanvaar word;
- (c) Dat die verordening in terme van artikel 13 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) in die Provinsiale Koerant gepubliseer word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie;
- (d) Dat die verordening na afkondiging op die munisipale webtuiste geplaas word;

7.7/...

- (e) Dat skulderkenningsboetes (met verwysing na artikel 96 van die verordening) vasgestel word met die Departement van Justisie in terme van artikels 56 en 341 van die Strafproseswet, 1997.

## 7.8 VOORLEGGING VAN DIE KONSEP VERORDENING INSAKE VERFILMING (1/1)

Die konsep Verordening insake Verfilming met die doel om verfilming in die munisipale gebied te beheer en te reguleer is op 25 Julie 2019 aan die munisipale raad voorgelê.

'n Publieke deelnameproses is deurloop en die konsep verordening is deur die Afdeling: Beplanning in samewerking met die konsultant, Munstel, met verskeie rolspelers in die industrie gewerkwinkel om sekerheid te verkry oor die uitvoerbaarheid van die verordening.

Die voorgestelde verordening is met die sakelys gesirkuleer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met 15 DA-raadslede ten gunste daarvan, vyf ANC- raadslede en een EFF-raadslid wat buite stemming bly.

### BESLUIT

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

- (a) Dat die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Verfilming aanvaar word;
- (b) Dat die verordening in terme van artikel 13 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000) in die Provinsiale Koerant gepubliseer word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie, onderhewig aan die volgende verdere wysiging:
- HOOFSUK 1, Paragraaf 2(5): Hierdie verordening is nie van toepassing op private filmateljees wat ingevolge die Wet op Besighede, Wet 71 van 1991, gelisensieer is nie, ten opsigte van verfilmingsaktiwiteite wat op toepaslik gesoneerde grond binne die regsgebied van die munisipaliteit plaasvind.
- (c) Dat die verordening na afkondiging op die munisipale webtuiste geplaas word;
- (d) Dat skulderkenningsboetes (met verwysing na artikel 14 van die verordening) vasgestel word met die Departement van Justisie in terme van artikels 56 en 341 van die Strafproseswet, 1997.

## 7.9 MOSIE VAN DIE ANC INSAKE MUNISIPALE PUBLIEKE VERANTWOORDBAARHEIDSKOMITEE (MPAC) (3/2/2)

Die mosie ontvang vanaf die ANC is ingesluit by die sakelys en handel met verskeie aspekte insake die MPAC.

Rdl N S Zatu hou die funksies van die MPAC voor en noem dat dit belangrik is om 'n voorsitter aan te wys om die deursigtigheid, verantwoordbaarheid en oorsigrol van die MPAC te verseker.

Rdl F S Humphreys doen 'n beroep dat 'n kundige raadslid uit die geledere van die MPAC aangestel moet word.

Die voorstel deur rdl O M Stemele (gesekondeer deur rdl B J Penxa) ten opsigte van 'n aanbeveling onder item 7.10 word deur die Speaker herroep, omrede daar nog met item 7.9 gehandel moet word.

### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die mosie ontvang vanaf die ANC insake aangeleenthede rakende die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC).

### 7.10 MOSIE VAN DIE DA INSAKE MUNISIPALE PUBLIEKE VERANTWOORDBAARHEIDSKOMITEE (MPAC): VOORSITTERSKAP (3/2/2)

'n Mosie gedateer 17 Januarie 2020 is ontvang vanaf die DA kookus insake die aanwys van 'n voorsitter en ondervoorsitter vir die MPAC, aangesien die amp vakant geraak het met die bedanking van rdl C B Fortuin in Junie 2019.

#### BESLUIT

(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

- (a) Dat rdl C Daniels aangewys word as voorsitter en rdl E C O-Kennedy as ondervoorsitter van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) met onmiddellike effek;
- (b) Dat, alhoewel die MPAC sowel as die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies, waarvan rdl C Daniels die voorsitter is, artikel 79 komitees ingevolge die Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, 117 (Wet 117 van 1998) is, rdl Daniels slegs een vergoeding ingevolge die Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet 20 van 1998) sal ontvang.

### 7.11 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

Die Speaker, met verwysing na die ondersoek na wheely bins vir huishoudings in die Swartland munisipale gebied – wat deur eg. ondersteun word, verklaar dat –

Die Speaker, rdl M A Rangasamy, (1) die eienaar is van 'n besigheid by name, Bin-to-Bin, wat die skoonmaak van wheely bins hanteer; (2) die eienaar is van verskeie eiendomme in sy naam en in 'n Trust.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl D B Philander)

- (a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van 'n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur 'n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000.00 oorskry;
- (b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 12 Februarie 2020 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

**GETEKEN:  
SPEAKER**